

**September 2006**


Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria

**Hier volg deel van my briefwisseling met Freda Green van die Tshwane Community Library and Information Service na aanleiding van die brief van Jul 2006** [en nog 'n skets met die vlagpaal van Time Ball Hill]

Hallo Rosa,

Baie dankie weereens vir jou interessante brief elke maand. Dit is voorwaar 'n hoogtepunt in my dag. Jy het my vandag geïnspireer om die vlagpaal te gaan soek op my foto's, maar helaas, kon ek niks vind nie, behalwe 'n foto van 'n skets. Miskien was die vlagpaal nie so groot as wat dit op die sketse aangetoon word nie? Ek voeg 'n foto by van dieselfde uitsig (vanaf die heuwel by Belle Ombre). Miskien kan dit jou help om die regte heuwel te identifiseer?

Pretoria groete



Dagsê Freda,

Ek is vreeslik opgewonde oor die skets wat jy gestuur het. Wie was die kunstenaar? Ek het 'n sorgelyke skets [deur Wangeman] verlede jaar in 'n brief gebruik. Ek dink dit was Oktober of November. Vergelyk dit met die een wat jy gestuur het.

Dan is ek ook besig om 'n brief te skryf oor Wangeman en sy werk. Hier is 'n deel van die brief. Kyk of jy nie miskien meer inligting het nie.

Groete Rosa,

Rosa,

My skets:

Volgens die handtekening onder regs, lyk dit soos S.F. Nel / Nol 1884 (Nel lui geen klokkie by my nie). As ek dit vergelyk met Wangemann s'n, lyk dit amper of die persoon dit afgeteken het van Wangemann s'n. Dit is dieselfde, met minder detail.

Volgens Mev. K.L. de Villiers se proefskrif “Pretoria: ‘n Visuele ontwikkelingsbeeld aan die hand van skilderye en tekeninge – vanaf 1855 tot hede” (Ons het net ‘n swak fotostaat-kopie), p. 27, is dit Wangemann se tekening.

Wangemann:

Daar is ‘n volledige biografie van Wangemann in die Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, vol. 1. As jy nie die boek het nie, kan ek dit vir jou aanstuur. Ek sluit ‘n artikel in wat in die Lantern, Feb. 1992 verskyn het deur C. de Jong. (Twee bladsye, stuur apart)

Volgens bg. de Villiers se boek sê sy oor jou Foto A, p.13 (aangehaal):

Agter die groepie ruiters met gewere oor die skouer is ‘n paleheining wat ‘n groot area in die middelgrond afbaken. Binne die omheining lê regs ‘n eenvoudige tuitgewel-grasdakhuisie met ‘n buite-skoorsteen, verder in ‘n rondawel en dan twee waens. Die lang geboutjie links met ‘n staan dakkie van gras, is waarskynlik ‘n skuur. Die dorp en sy geboutjies is klein uitgestrek in die agtergrond teen die lang heuwelreeks van die Magaliesberg. Die wit gewels met klein puntjies aan wat net links van die rondaweldakkie sigbaar is, is die van die vergrootte kergebou op Kerkplein.

Toe mev. Kotie Roodt-Coetzee in 1955 oor die sketse geskryf het, wat tans in die Nasionale Kultuurhistoriese- en Opelugmuseum bewaar word, is hulle nog verkeerdelik aan August Prozesky toegeskryf. Hul waarde vir die kultuurgeskiedenis het onteenseglik geldig gebly: “Die grasdakhuisies met die skoorsteen buite-aan, die rondawel en die paalomheining gee ‘n mens ‘n goeie idêe hoe die boukuns in Oud-Pretoria gelyk het” (K. Roodt-Coetzee. Die sketse van August Prozesky. In: Bulletin Transvaal Museum, no 2, Nov 1955)

Dalk kan jy die artikel onder oë neem? Ons het dit nie, dalk die Nasionale Bib? As jy wil kan ek iemand by die Nas Kultuurhistoriese Museum vra?

Groete Freda

---

### **Pretoriase Eeufees 1855-1955**

Ek weet nie hoeveel hoeveel koerante/tydskrifte ‘n bylaag gepubliseer het met Pretoria se Eeufeesvieringe in 1955 nie. Ek het nou al drie van hulle opgespoor. Die papier is al geel maar met vandag se fotostaatmasjiene is die afdrucke verbasend goed.

\* PRETORIA Eeufeesbylaag to die Transvaler 21 Oktober 1953. Honderd Jaar op Pad na Vryheid.

\* PRETORIASE EEUFEEES 2855-1955 Klein begin aanhou win! Bylaag tot die Vaderland 27 Augustus 1955

\* THE PRETORIA NEWS Centenary supplement. First issue Monday, October 24, 1955.


Uit die Transvaler se Eeufesbylaag die volgende interessante stukkie geskiedenis oor De Bruyn se skoenwinkel.

### **Brokkies uit die Geskiedenis van die Oudste Skoenfirma in Pretoria.**

Waar Pretoria sy eeufes vier, word daar baie interessante anekdotes en verhale vertel. Op ekonomiese gebied is daar ook baie vooruitgang gemaak en dit is besonder interessant om kennis te neem van firmas wat nog steeds aan die dieselfde familie behoort.

Seker een van die interessantste geskiedenisse is verbonde aan die firma De Bruyn se Skoenwinkels. Nie alleen is die firma meer as 69 jaar in Pretoria gevestig nie, maar die firma is nog steeds die eiendom van dieselfde familie.

Toe mnr. H. De Bruyn in 1886 sy eerste winkel geopen het, was die skoenhandel heeltemal anders as vandag. Skoene is volgens maat gemaak en die meeste mense het 'n nog hul eie leeste besit. Die maak en herstel van skoene was hoofsaak. Die eerste werkwinkel (sien foto) was dan ook gevestig in Markstraat-Noord, die hoofpad na die noorde. Die werkwinkel was maar op beskeie formaat. Met die jare het die besigheid uitgebrei en toe mnr. Franken in 1892 'n moderne twee-verdieping-gebou opgerig het op die hoek van Mark- en Schoemanstraat (nou Departement van Arbeid), het mnr. Hendrik de Bruyn nie gewefel om daar 'n nuwe en vir daardie tyd 'n moderne skoenwinkel te open nie. Skoene is ingevoer, hoofsaaklik uit Brabant in België en die winkel het toe die naam gekry van die Brabantse Skoenwinkel.



In 1895 het mnr. Frikkie Eloff, die skoonseun van die President, 'n nuwe huis gebou by Markstraat 309, net langs die huis van regter Kotze. Toe die huis voltooi was, het mev. Eloff beswaar geopper dat die huis in die middle van 'n winkelbuurt was, mnr. Eloff het toe 'n nuwe huis in Eloffsdal gebou en mnr. H. de Bruyn het die huis in Markstraat betrek, hy het voor die huis 'n nuwe winkel gebou en agter die huis 'n werkplaas om skoene te maak en te repareer.

Met die uitbreek van die oorlog in 1899 het mnr. H. de Bruyn belang gehad in skoenwinkels by Elandsfontein (nou Germiston), Krugersdorp en die besigheid in Pretoria. Na die afloop van die oorlog was alles egter verlore en het mnr. De Bruyn 'n gedeelte van die grond waarop die huidige stadshuis nou staan, wat toe in sy besit was, vir £50 verkoop om weer 'n begin te maak.

### Aanvullende inligting

Hendrik de Bruyn [Amsterdam 14 Aug 1858 – Johannesburg 4 April 1911] kom in 1886 in Pretoria aan en open sy eerste skoenwinkel in Markstraat Noord. Dieselfde jaar kom sy gade mev. Alida Christina Hendrika de Bruyn [Zwolle 12 Oktober 1869] oor na Pretoria.

Volgens Valks [PR ¾ p22] het De Bruyn hom in 1888 (of waarskynlik nog 'n ietsie vroeër] gevestig in kamers in Markstraat naby die hoek van Strubenstraat, langsaan die plek waar op 'n effens later datum die familie H. Zaght hul sake begin het. Op die foto is die verandadeur regs de Bruyn se besigheid. Mnr. Zaght het later al die grond gekoop, wat 'n gedeelte van die woonplek van mnr. Bok in Strubenstraat uitgemaak het. Daarop is toe 'n dubbelverdieping hoekhuis en winkel gebou, wat daarna uitgebrei is met nog vier persele.

Daarna skuif De Bruyn se besigheid na 'n gebou op die hoek van Schoeman- en Markstraat. Sommige bronne noem dit die Frankengebou en ander praat van die De Rappergebou. Beide Franken en de Rapper was in die boubedryf, so wie die bouer en wie die einaar was kon ek nog nie vasstel nie.

In die tweede uitgawe van die Pretoriana tydskrif [PR-2 p14] verskyn daar 'n foto van die winkel wat De Bruyn in Markstraat langs die woonhuis van hoofregter Kotze.

### Bronne geraadpleeg.

AND-03 Andrews, Tom **God's Acre. Church Straet Cemetary** 1994

DUN-01 Lola Dunston **Young Pretoria 1889-1913** Lola Dunston Pretoria 1975

ENG-04 Engelbreght, S.P. [Dr.] **Pretoria 1855-1955** Wallachs' P. & P. Ltd. Pretoria

PLO-02 Ploeger, Jan [dr.] **Nederlanders in Transvaal [1850-1950]** J.L. van Schaik Beperk., Pretoria. 1994

PR-2 Pretoriana Deel 1. Nr. 2 Desember 1951

PR-3/4 Valks, J.A. **De Bruyn se Skoenwinkel.** Pretoriana Deel 1. Nrs. 3-4

Groete tot volgende maand,  
Rosa Swanepoel